

20 Desember

Die geheimenis vir die nasies, God se meesterplan

Skrifgedeelte: Kolossense 1:21-29

Fokusgedeelte: Kolossense 1:23, 27

Satan is warm op jou spoor! Hy maak woedend oorlog teen elke gelowige (Openb 12:17; 1Pet 5:8). Buitendien is daar nog ander dodelike magte aan die werk: 'n verleidelike wêreld én jou eie sondige aard.

Die gelowiges in Kolosse het dit terdeë belewe. Ou gewoontes en verkeerde tradisies kan taai wees om af te skud! Hulle was, nes ons, geneig om daarin terug te val (Kol 3:5-11). Boonop was daar mense wat voorgee dat hulle wys en slim is, wat die gelowiges op allerlei wyses mislei met valse redenasies en misleidende teorieë (Kol 2:4, 8).

In hierdie titaniese stryd waarin ook jy daagliks betrokke is, maak Paulus 'n groot geheimenis aan die wêreld bekend: Jesus Christus het deur sy bloed verlore mense met God versoen. Meer nog: Jesus is deur die geloof so innig aan jou verbonde dat Hy in jou is (Kol 1:27). Hy is jou Borg, die Fondament van jou lewe. Hy is die enigste hoop op 'n heerlike saligheid wat jy het – nou en vir ewig. Dit is uiteindelik 'n heerlikheid wat alle vreugde wat jy nou reeds belewe, vér oortref.

Maar dan moet jy tot die eer van God lewe deur net te doen wat Hy verlang. God gee deur sy Gees aan jou die krag om vas te staan in die geloof. Jy mag nie toelaat dat jou doodsvyande jou losruk van die heerlike seën waarvan die evangelie jou verseker nie. Jou hoop blom uit in die wonderlike sekerheid van 'n gewisse oorwinning – mits jy jou verantwoordelikheid aanvaar .

Sing Psalm 46:1, 6 (1936-beryming)

Ds. Peet Duvenage (Emeritus)